

Skaapbrandsiekte

(Jannie Fourie, NWKV Produksie Adviseur: Weskaap
Sel: 083 564 1105; Epos: jannie@overbergwireless.co.za)

Brandsiekte is 'n hoogs aansteeklik en verwoestende velsiekte onder skaape. Dit is 'n beheerde siekte onder die Wet op Dieresiektes en moet onmiddellik aangemeld word by die naaste staatsveearts of dieregesondheidstegnikus. Hierdie siekte word veroorsaak deur 'n klein velparasiet, (*Psoroptes communis ovis*). Die myt is ongeveer 0.8 mm lank en kan skaars met die blote oog gesien word. Hierdie siekte is sedert die 17de eeu endemies in Suider Afrika. Ten spyte van aggressiewe behandelingsstrategieë kon dit nog nooit uitgewis word nie.

Oordrag en verspreiding:

Die siekte word versprei deur direkte kontak tussen skaape. Brandsiekte kan ook deur mense, klere en voertuie van skaap tot skaap oorgedra word. Goeie biosecuriteit is belangrik om jou kudde te beskerm teen moontlike besmetting van voertuie, skeerders en ander besoekers. Skaapbrandsiekmyte kan tot 17 dae oorleef in 'n kraal waar besmette diere was en moet vir minstens 17 dae leegstaan.

Lewensiklus:

Die parasiet kom hoofsaaklik op skaap voor en die hele lewensiklus geskied op die skaap. In 'n wyfie se leeftyd, lê sy tussen 40 tot 90 eiers binne sowat 30 dae. Eiers word op die randte van die letsel gelê. Nadat larwes uitgebroei het, voed en vervel hulle tot nimfe wat dan weer voed en vervel om volwasse myte te vorm. Onder optimale toestande kan die lewensiklus in slegs 9 dae voltooi word. Hulle leef en voed op die veloppervlakte. Die myte prik die vel met hul monddele en voed op die limf- en weefselvloeistowwe wat uit wondjies vloei. Die limf en vloeistowwe meng met dooie weefsel, stof en vuilheid, sekresies van die myte en wolvesels en olie. Daarna droog dit uit om skubbe of skurfte te vorm wat duidelik sigbaar is, vandaar die naam "scab".

Simptome:

Bytplekke is geweldig irriterend vir die skaap en veroorsaak inflamasie. Liggaamsvog (bloedwei) sypel deur die vel rondom die bytplek. Bloedwei vorm 'n kors op wol en myte beweeg na randte van letsel. Skape byt en krap letsel wat dit verder laat uitkring. Hou ook dop vir kolle met gematte wol.

Twee-derdes van wol gaan verlore na 6 - 8 weke deurdat wol uitval of uitpluis wanneer skaap die sensitiewe velareas lek, byt, krap of skuur teen voorwerpe of ander skaape. Besmette skaape eet minder; stres; immuniteit teen siektes en parasiete verswak; verloor kondisie en in erge gevalle,

vrek hulle. Harige skape word ook aangetas , maar in 'n mindere mate. In die winter wanneer skape swaarkry weens koue en swakker weidingstoestande, is parasiete meer aktief. Wanneer die temperatuur in die wolvag daal, intensiteit van sonlig afneem en wolvogtigheid toeneem, floreer die brandsiekmyte eers. . Bokke en nie-woldraende skape kan veral in die somer simptoomlose draers van brandsiekte wees.

Diagnose:



Brandsiekte word gediagnoseer deur stukkie wol en velskape rondom letsels te neem en dan onder mikroskoop te bestudeer. Letsels is veral sigbaar op skouers en flanke van skaap. By ramme word die bors- en nekgedeeltes aangetas, veral as hulle ooie dek.

Onthou dat rooiluis ook skape kan laat krap en jeuk

Behandeling en beheer:

Oneffektiewe behandeling is meestal die gevolg van verkeerde gebruik van middels. Alle skape en bokke op besmette eiendom moet behandel word met 'n middel wat vir skaapbrandsiekte in die spesifieke ras goedgekeur is onder Wet 36 van 1947. Bokke moet altyd gedip word omdat skaapbrandsiekmyte nie op bokke voed nie en daarom werk inspuitbare middel nie op bokke nie. Skape kan behandel word met geregistreerde dip of inspuitbare middels. Kontak u naaste veearts vir raad oor gesikte produke vir jou omstandighede.

Maak seker dat die korrekte dosis en tussenposes van dosering aangewend word. Volgens die Dieresiekertewet moet besmette diere op kontakfase twee keer behandel word met tussenposes van nie minder as 7 dae en nie minder as 10 dae nie. Dit is om te verseker dat nuut uitgebroeiide myte wat nog in eierstadium was met eerste behandeling, aan voldoende konseptrasie van die middel blootgestel word.

Stel ook dadelik jou bure in kennis

Dip

1. Erg aangetaste skape met lang wol moet eers geskeer word voor dipproses.

2. Skape moet in diptenk bly vir ten minste 2 minute en hul koppe moet ten minste 2 keer ondergedompel word tydens dipproses.
3. Merk alle diere wat behandel is met merk-ink en gebruik verskillende kleure vir elke behandeling.
4. Spuitdip is nie so effektief vir brandsiekte nie, omdat daar nie behoorlike penetrasie van dipstof is nie.

Eienaar verantwoordelikheid

1. Die eienaar van eiendom onder kwarantyn is verantwoordelik vir die verskaffing van akkurate skaapgetalle, soos opgeteken na eerste en tweede behandeling. (Indien enige diere oorgeslaan is met behandeling, word dit nie as behandeling beskou nie).
2. Binne 2 weke na laaste behandeling moet verklaring aan staatsveeartskantoor verskaf word met volgende inligting:
 - Naam van produk en die dosis toegedien.
 - Afrkrif van bewys van betaling met vervaldatum en groepnommer van produk.
 - Datum van eerste behandeling en aantal diere behandel.
 - Datum van 2 de behandeling en aantal diere behandel.
 - Verduidelik indien getalle van mekaar veskil soos nuwe lammers gebore.

Slagting van skape kan net met Rooikruis permit gedoen word. Vragmotor sal op plaas geseël word en dan na goedgekeurde slagpale vervoer word. Skape sal 3 weke na 2 de behandeling weer geïnspekteer word en indien skoon, sal kwarantyn gelug word. Indien daar egter 'n positiewe toets is, herhaal die hele proses weer .

Voorcoming:

- Hou lyndrade in goeie toestand.
- Behandel alle ingekoopte diere teen brandsiekte en hou vir 14 dae in kwarantyn.
- As jou diere in kontak was by skoue met ander diere, behandel en hou apart .
- Moet nooit ramme of ooie uitleen vir teel doeleinades sonder om hulle voorkomend te behandel nie.
- Meld alle diere wat jeuk en krap in jou omgeweing dadelik by jou naaste staatveeartskantoor aan.
- Behandel een keer per jaar jou kudde met middels wat ook brandsiekte bekamp.
- Onthou indirekte oordraging deur mense, voertuie en krale kan plaasvind.
- Skeerspanne wat van plaas tot plaas trek, kan ook indirekte besmetting veroorsaak, voorsien skeerders van skoon oorpakke en ontsmet skeertoerusting.
- Krale wat deur verskillende eienaars gebruik word, kan ook maklik besmetting veroorsaak.
- Skape wat te voet van plaas tot plaas getrek word, kan besmetting veroorsaak.
- Skaaptrokke, bakkies en sleepwaens moet altyd met effektiewe dip vir brandsiekte behandel word.
- Praktyke, skoue, veilings, voerkrale en spekulasié met skape kan ook maklik die siekte versprei.

- Dit kan ook gebeur dat plase langs hoofpaaie besmet kan raak deur stukkies wol of mis wat van vragmotors waai met besmette diere.

Wenke:

- Behandel altyd skape op swaarste skaap se gewig.
- Kalibreer spuit deeglik en toets akkuraatheid voor behandeling.
- Maak seker dat naald nie dwars deur vel gedruk word nie.
- Indien moontlik, skuif skape na skoon kamp waar vir 21 dae nie skape geloop het nie.

Verwysings:

Skaapbrandsiekte voorkoming deur Biosekuriteit:	Dr . EA Nel (BVSc) Staatsveearts Upington
Skaapbrandsiekte – behandeling en beheer :	Dr. A Victor, Adjunk Direkteur : Veterinêre Publieke Gesondheid , Noord Kaap
Skaapbrandsiekte :	Dr Brand van Sittert MSD Animal Health
Skaapbrandsiekte :	Elsenburg inligtingstukke . J du Plessis
Sheep-scap:	Department : Agriculture J.A. Turton
Farmers Handbook:	Bayer Animal Health
Sheep and goat diseases:	Prof.G Bath and Jde Wet



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.